

Skriflesing: Mattheus 28: 1 10; Markus 16: 1 – 20Teks: **Mattheus 28: 9 – 10**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 108:1****TYDENS EREDIENS- Ps. 18:1,5; Ps. 19:4; Ps. 95:1, 4; Ps. 107:1,3****Mattheus 28: 1 10****Mat 28:1** Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.**Mat 28:2** Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.**Mat 28:3** Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.**Mat 28:4** Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.**Mat 28:5** Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.**Mat 28:6** Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.**Mat 28:7** Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê."**Mat 28:8** Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.**Mat 28:9** Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.**Mat 28:10** Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."**Markus 16: 1 – 20****Mar 16:1** Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam daarmee te gaan balsem.**Mar 16:2** Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by die graf aan net toe die son opkom.**Mar 16:3** Hulle vra toe vir mekaar: "Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?"**Mar 16:4** Die klip was baie groot, maar toe hulle opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is.**Mar 16:5** Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle het groot geskrik.**Mar 16:6** "Moenie skrik nie!" sê hy vir hulle. "Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het.**Mar 16:7** Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het."**Mar 16:8** Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang.**Mar 16:9** Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bese geeste uitgedrywe het.**Mar 16:10** Sy het dit vir sy dissipels gaan vertel wat oor Hom getreur en gehuil het.**Mar 16:11** Alhoewel hulle by haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom gesien het, het hulle haar tog nie geglo nie.**Mar 16:12** Daarna het Jesus met 'n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe.**Mar 16:13** Hulle het dit vir die ander dissipels gaan vertel, maar dié het selfs vir hulle ook nie geglo nie.**Mar 16:14** Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.**Mar 16:15** Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.**Mar 16:16** Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.**Mar 16:17** Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bese geeste uitdriewe; in ander tale sal hulle praat;**Mar 16:18** met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word."

Mar 16:19 Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God gaan sit.

Mar 16:20 Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het.

Skriflesing: Mattheus 28: 1-10; Markus 16: 1 – 20

Teks: **Mattheus 28: 9 – 10**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 108:1

TYDENS EREDIENS- Ps. 18:1,5; Ps. 19:4; Ps. 95:1, 4; Ps. 107:1,3

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, ons was verlede Sondag by Jesus se eerste verskyning na sy opstanding. Dit was sy verskyning aan Maria Magdalena. Jesus het eerste aan haar verskyn omdat sy sekerlik die mens was wat op daardie stadium deur Jesus se dood die meeste ontugter en ontruk was. Sy was van almal die diepste bedroef, sy het alle hoop op die verdere sin van die lewe verloor. Sy wat Jesus so ontsaglik liefgehad het. Sy wat weet hoe kosbaar Jesus vir haar was. Hy wat 'n keer haar van die bose verlos het toe Hy sewe duiwels uit haar uitgedryf het.

Vir Jesus was dit belangrik dat haar geloof nie moet stagneer en dat haar hele lewe soos Lot se vrou in 'n soutpilaar teen die Soutsee moet verander nie. Wat is die waarde daarvan as jou lewe dalk ook mag voel dat ek is eintlik maar 'n soutpilaar teen die Soutsee. Die bietjie sout wat ek tot die lewe kon toevoeg, is absoluut niksseggend, want die hele see is vol sout. Die bietjie sout van my pilaar - bestaan het eintlik maar gestagneer tot 'n soutbeeld van 'n nuttelose lewe.

Dit is die een saak waaroor ons vandag mekaar sekerheid kan gee dat God wil nie hê dat enige kind van Hom nutteloos moet voel nie. As Maria in die donker van daardie eerste Sondag van die opstanding soekend, huilend, vraend by die liggaam van 'n dooie Jesus wil uitkom dan het sy geglo al nut wat sy nog kan hê is om sy dooie liggaam te balsem. Sy sou sy dooie liggaam so lank dit moontlik is wou versorg. Sy wat die Here so ontsaglik liefgehad het, Hy wat haar van die bose verlos het toe die Here sewe duiwels uit haar uitgedryf het. Haar lewe wou die Here met besondere geloofsgroei verryk. Jesus het by Maria Magdalena die lewe in haar geloof wou terugbring. Want geloof sonder lewe is in sigself dood. Wat kan jy glo as daar geen lewe meer oor is nie? Dit het die Here by Maria Magdalena wou terugbring.

As ons vandag by Jesus se tweede verskyning kom dan is dit weer vroue wat op die voorgrond is. Ja, drie vroue wat daardie Sondag ook na die graf gekom het om die laaste eer aan Hom te

bewys. Hulle wou ook die liggaam van Jesus met speserye versorg. Hulle wou die hardheid van die dood probeer versag soos wat dit in ons almal se natuur is dat die dood nie so hard tot ons moet kom nie. Die dood wat altyd hard met ons praat. Tog het Jesus nadat Hy uit die dood opgestaan het met sy tweede verskyning aan die vroue 'n nuutheid in die vroue se geloof wou bewerk. So belangrik dit is dat ons geloof moet groei so moet ons elke dag opnuut deur die gawe van geloof aangegryp kan word. Dit moet ware geloofsvreugde in ons lewe inbring. Die groot tema by vandag se Woord.

Hulle was drie vroue, eintlik vier vroue as ons Maria Magdalena nou weer mag bytel. Saam met Maria Magdalena was daar ook die ander Maria, die moeder van Jakobus, daar was Salome en dan ook 'n vierde vrou wat ons ken as Johanna. Wanneer Mattheus en Markus oor hierdie besondere verskyninge van Jesus skrywe waar veral die ander Maria en Salome en Johanna ter sprake kom dan lê Markus veral klem daarop dat hulle drie vroue was en dat 'n engel hierdie boodskap kon oordra. Die engel het gelyk soos 'n jongman met lang wit klere aan. Hy wat soos 'n mens gelyk het, het duidelik vir hierdie vroue gesê dat Jesus uit die dood opgestaan het. Nog voordat hulle kon sien moes hulle eers hoor. Ja, in die geloof gaan die gehoor altyd die sien vooraf. Markus laat ons duidelik in veelvoude van drie die werklikheid van die opstanding raaksien.

Die drie dinge wat die werklikheid van die opstanding uit die staanspoor in Markus onderskryf is eerstens die leë graf, tweedens die engel in die graf en derdens die getuienis van die drie vroue. Die leë graf wat as eerste teken dien is op sigself al so 'n duidelike getuienis. Daar is niemand wat maar sommer daardie swaar klip so maklik kon wegrol nie. En dat daar geen dooie liggaam meer in die graf lê nie, is die eerste gevolgtrekking wat enige mens kon maak dat hier iets buitengewoon groot gebeur het. Die gevolgtrekking wat toe reeds gemaak kon word, het Jesus nie dalk uit die dood opgestaan nie.

Dan kom die tweede teken as die engel met die stem en klere van 'n jongman begin praat. Mattheus beskryf dat die engel se gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. Hierdie engel het dit baie duidelik wou maak dat Jesus uit die dood opgestaan het. Nou besef ons die ware engele wat God in sy diens gebruik, het nooit maar sommer nonsens sou praat nie.

'n Engel was nooit maar net 'n praatjiemaker nie, maar as die engele in diens van God uitgestuur was om sy boodskap oor te dra, dan was hulle getuienis waar en betroubaar. Ja, engele wat juis in diens tree van Hom wat sê Hy kan nie lieg nie. Daarom sal 'n engel in God se diens ook nie kan lieg nie. As die engel sê Hy het opgestaan dan praat Hy in diens van God. As ons uit die Grieks na die gedeelte in Markus kyk dan staan die sin in die passiewe vorm. Letterlik vertaal sê die engel “Hy is opgestaan” of “Hy is opgewek”.

Die passiewe vorm wil dit duidelik maak dat die Een wat eintlik hierdie werk gedoen het, is God Self. Wat die engel met hierdie passiewe uitdrukking wil beklemtoon is dat God vir Jesus opgewek het. Die opstanding is God se werk. Wie hierdie werk wil ontken is besig om God se werk te betwyfel. Daarom dat 'n engel praat is so ryk aan betekenis. Die engel wil net van God se werk getuig. Ons kan hierin ook God se oorwinning raaksien. Dat 'n engel bekleed met God se heerlikheid op die vroue gewag het nog voor hulle daar gekom het, spreek ook van hierdie besondere oorwinning.

Dan kom die getuienis van die drie vroue wat hierdie werklikheid in 'n sekere sin met 3X3 kon bevestig. Hulle is die derde bewys van die opstanding maar hulle getal van drie is ook geen toeval nie. In die ou Joodse wette is dit geskrywe dat 'n saak staan vas as daar minstens twee getuies is wat daarmee saamstem. Ons lees in Deut. 19:15 *15 Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees.* Markus en Mattheus beklemtoon hierdie regsreël, dat daar drie vroue was wat die leë graf gesien het. Hulle drie het gesamentlik gehoor wat die engel gesê het. Daarom kan daar geen twyfel wees nie dat dit wat hierdie drie vroue sê moet die waarheid wees. As ons Maria Magdalena nou nog weer mag bytel dan word die getuienis oorweldigend. Dan is dit alreeds vier vroue wat kon saampraat.

Wat dit nog meer besonders maak is dat hierdie vroue met geen verwagting van die opstanding na die graf gekom het nie. Intendeel hulle verwagting was om die liggaam van 'n dooie persoon te salf. Niemand sal 'n lewendige persoon se liggaam met hierdie tipe speserye wou versorg nie, dis juis bedoel vir die liggaam van 'n dooie. Die vroue het vooraf al begin

beraadslaag dat hulle vroue is. Hulle het regtig nie die krag om daardie groot klip voor die graf weg te rol nie. Ons kan agterkom dat daar by die vroue geen oorweging uit hulleself kon wees dat Jesus nie meer in sy graf sou wees nie.

Nou gebeur mooi die teenoorgestelde as dit wat hulle verwagting was. Dit verklaar reeds die feit dat hulle baie groot geskrik het by die werklikheid van die opstanding. Vers 8 beklemtoon dat hulle van groot skrik van die graf af weggevlug het. Mattheus skrywe boonop van 'n aardbewing toe Jesus die graf uitgegaan het. Die wagte wat veronderstel was om die graf op te pas dat niemand mag kom om die liggaam te probeer steel nie, daardie wagte het so baie gebewe dat hulle soos dooies geword het. Iets van 'n groot ironie. Hulle wat veronderstel was om die "Dooie" op te pas, hulle word soos dooies vóór Hom wat nie meer dood is nie!

Die vroue wat veronderstel was om hierdie getuieis van Jesus se opstanding die stad in te dra, worstel met gemengde gevoelens. Een kant die nawerking van hulle wat groot geskrik het met wat hulle moes sien en kon hoor en aan die ander kant is daar by hulle die groot blydschap van die goeie tyding wat hulle kon oordra. Deur sy opstanding en deur sy verskyning wil God by ons geloofsvreugde bring.

Die vroue moes hierdie boodskap verder oordra maar die vraag wat in die lug bly hang hoe doen ons dit? Ons kan aanvaar terwyl die vroue nie so vinnig soos Maria Magdalena terug na die stad gehardloop het nie, was daar blydschap in hulle maar ook gee hulle stadiger tree want is daar by hulle die vraag hoe hierdie waarheid werklik nou oorgedra moet word. Ons besef soos hulle tussen twee gedagtes met hierdie wonderbare feit gekonfronteer was, so is ons ook baie keer tussen twee gedagtes vasgekeer. Een kant is dit so wonderlik om te weet die Here lewe maar aan die ander kant wat is nou die beste manier om die lewende Here se boodskap reg oor te dra.

Die troos is Jesus sien ons twyfel raak nog voor ons dit self behoorlik kan verwoord. Daarom terwyl hierdie vroue nog so aan die loop was, is dit waar Jesus hulle meteens tegemoetkom. Opmerklik hoe kort die gesprek tussen hulle en Jesus toe was. Maar die impak is groter as dit wat woorde kan beskryf. In die ouer vertaling word Jesus se woorde weergegee as sou Hy sê- *Wees gegroet!* In die Grieks is dit meer as maar net groetwoorde. Dit sluit in dat Jesus ook sou

sê – *Verheug julle!* Dit staan in 'n imperatief m.a.w. in 'n bevelsvorm. Die Here gee 'n opdrag dat hulle bly moet wees. 'n Opdrag wat vir ons ook geld dat ons ons in die opstanding van die Here kan verheug. Indirek sê die Here vir die vroue moet nie dat die onsekerheid julle onderkry nie. Dis werklik Hy wat opgestaan het! Daarom dat die Here se groet eintlik beteken dat hulle nie die vreugde wat daar wel in hulle was langer moet onderdruk nie. Hulle kan weet Hy leef waarlik. Soos Maria Magdalena na die stad kon terughardloop van blydschap so verwag die Here van hierdie vroue dat hulle eintlik ook moet spoed aansit. Hulle mag van blydschap hulle na die stad haas om hierdie boodskap oor te dra.

Nie net is die boodskap wonderlik wat hulle kon oordra nie, maar dit gaan om meer as die boodskap. Dit moet vandag vir ons ook daarvoor gaan om ons in die Here te verbly. Wees bly in Christus Self. As jou geloof nie meer blydschap in jou lewe bring nie dan is die geloof nie meer eg en waar nie. Paulus se brief aan die Filippense is 'n brief wat aanmekeer getuig van ware blydschap in Christus Self. Deurgaans kan jy in Filippense lees ... *wees bly, wees bly in die Here*. Om jou in die Here te verheug is beslis ook die bedoeling van Christus as Hy hierdie vroue so meteens op hulle terugpad tegemoetgekom het.

Ons as gereformeerdes moet onself dalk meer dikwels die vraag afvra is ons blydschap in die Here nie iets wat ons so dikwels probeer wegsteek of onderdruk dat mense hierdie vreugde wat daar ook vir ons in die Here kan wees nie moet raaksien nie. In die lewe wat Christus gebring het, is daar soveel om voor bly te wees.

Kyk net na die verskil tussen die eerste vrou Eva wat getuie was van 'n doodsberig nl. ek het geëet van die vrug wat ek weet ek mog nie geëet het nie. Die dood het sy donker skaduwees deur haar en in haar oor hierdie skepping begin gooi. Tog watter blydschap word nou na vore gebring, weer deur 'n vrou, Maria Magdalena, maar kort op haar hakke nog 'n drietal vroue. Die Een wat die slang se kop sou vermorsel, ja hulle het Hom vermorsel, maar Hy het uit die dood opgestaan, Hy lewe. Hy die Een wat ons groet, verheug julle, Hy wil ware geloofsvreugde bring. Hy gee ons die opdrag dat ons moet bly wees. Maar in dieselfde asem het Jesus by hierdie tweede verskyning gesê – *Moenie bang wees nie ...* gaan praat met my broers ...

Vrees en om bang te wees is nie 'n maklike saak nie. As ek my vrese nie kan oorkom nie dan word my geloofsvreugde so daardeur onderdruk. Adam het vanweë vrees in die tuin probeer wegkruip. Adam wat sê – *Ek het U geruis gehoor in die tuin en gevrees ...* Vrees laat jou wegraak, jy wil wegkruip, jy wil probeer skuil, soms agter 'n ou klompie belaglike vye blaartjies. Terwyl dit alles jou niks sal baat nie. Die vroue se eerste vrees word in die opstandingsverhale ook baie duidelik benadruk. Daarom dat die Here op hulle en op ons soveel klem plaas dat ons nie moet bang wees nie, moenie vrees om van hierdie dinge te getuig nie. As hulle nie die vrees kan oorkom nie, dan kan hulle nie ware boodskappers van die opstanding wees nie.

En dan sien ons hoe die vroue dit alles regkry. Hulle twyfel word 'n vreugde in die Here. Mag dit by jou ook so wees. Hulle vrees verdwyn, hulle val voor die voete van Jesus neer, gryp Hom aan sy voete vas. Jesus laat dit toe terwyl Hy by Maria Magdalena dit nie wou toelaat nie. Sy wat Hom op aarde probeer vashou het om die hemelvaart te verhoed. Dit mag nie, maar as jy Jesus vasgryp omdat jy werklik in jou lewe dankbaar is, dan mag jy aan Hom bly vashou. Omdat jy werklik in Hom bly is dan mag jy aan Hom vashou. Dan geld die opdrag ook vir jou en my vandag- gaan praat hieroor... Vertel my broers. Die eerste evangeliste moes hierdie vroue wees. Ek en jy mag ook niks anders as evangeliste van hierdie boodskap wees nie. Praat jy wel genoeg hieroor, is jou vreugde hieroor werklik groot, is jy een wat kan ophou om bang te wees dat die boodskap duidelik kan uitgaan.

Jesus gee selfs aan die vroue 'n adres. *Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.* Toe die dissipels Jesus die eerste keer ontmoet het, vóór hulle dissipels was, was dit ook in Galilea. Nou moet hulle weer daarheen gaan. Daar kom weer 'n nuwe begin soos dit vir jou en my ook baie keer moontlik gemaak word dat ons wel 'n nuwe begin kan maak. Die vraag is natuurlik besef ons altyd die noodsaak van so 'n nuwe begin wat ons maak. Maak ons genoeg erns daarmee. Direk hiermee saam jou en my nuwe begin sal moeilik wees as ek nog nie by die punt gekom het dat ek my ware lewensvreugde alleen net in Christus vind nie. By Hom moet dit begin, by Hom dit eindig.

Mag dit wees dat sy Vader wat ook jou en my Vader wil wees, ons elke dag by Hom uitbring. Ons wat onself boers en susters van Hom mag noem. Hy wat jou vandag direk vra- Is jy

werklik bly oor hierdie dinge, is daar ware geloofsvreugde daar waar jy in jou lewe voor Hom kan kom en Hom kan vashou. Of is die vrese en onsekerheid en twyfel nog te veel dat ek dit so moeilik vind om 'n nuwe begin te maak. Mag dit dan wel anders word, alleen deur Hom wat dit anders kan maak.

AMEN